# ’N KURSORIESE HISTORIESE TERUGBLIK OP SKADEVERGOEDING MET SPESIFIEKE VERWYSING NA SUIWER VERMOËNSKADE IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

DJ Lötz*

## 1 Inleiding

In hierdie artikel word die ontstaan en ontwikkeling van skadevergoeding in historiese perspektief gestel deur middel van ’n chronologiese ondersoek van die gemenereg. Hierdie ondersoek strek vanaf die klassieke Romeinse tydperk – met inagneming van die insette wat die glossatore, pandektiste en Romeins-Hollandse reg gelewer het − tot ongeveer 1910 in die Suid-Afrikaanse reg. Aspekte wat onder meer aandag sal geniet, is prosesregtelike, gemeenregtelike, Duitse (veral met betrekking tot die *Differenztheorie* en sommeskadeleer) en Engelsregtelike beïnvloeding van die Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg. Verder sal gekyk word na *id quod interest,* interesse*,* *damnum, quantum*-bepaling en skadebeperkende kriteria. Hieruit sal gepoog word om die grondslag van die hedendaagse Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg te bepaal.

Daar word ook gekyk na die historiese polemiek insake suiwer vermoënskade. ’n Ondersoek na die volgende probleme in dié verband sal gedoen word: Die vereiste dat *damnum* (kragtens die *lex Aquilia*) aan ’n fisiese aspek gekoppel moet wees, die verband (indien enige) tussen *damnum* en saakbeskadiging, en die kategorisering van skade. Daar sal ook na presedente en regsbeginsels gesoek word wat die toestaan van suiwer vermoënskade in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg (met inagneming van Middeleeuse beïnvloeding) veroorloof het.

* Professor, Departement Handelsreg, Universiteit van Pretoria (Blur LLB (Pret) LLM (Wits) LLD (Pret)).

## 2 Gemeenregtelike ontstaan en ontwikkeling van skadevergoeding

In die klassieke Romeinse reg was daar geen vasgestelde beginsels waarvolgens skadevergoeding[1] gereguleer is nie.[2] Op grond van ’n *condemnatio pecuniaria*[3] (wat deel van die prosesregtelike *formula*[4] was) is vergoeding[5] in elke afsonderlike geval[6] van skadeberokkening op ’n *ad hoc* basis toegestaan.[7] Die *iudex* het altyd (ook in geval van die *rei vindicatio*) in die

---

1 Van den Heever *Aquilian Damages in South African Law* Vol I (1944) 2 stel die aanvanklike oogmerk van "skadevergoeding" soos volg: "The wrongdoer was punished by being compelled to render to the aggrieved party a gift (*damnum*) to ransom this person from retorsion and revenge and so to effect reconciliation and atonement." Sien ook Van den Heever 10 ev.

2 Erasmus "Aspects of the history of the South African law of damages" 1975 *THRHR* 105*;* Erasmus & Gauntlett "Damages" (2005) 7 *LAWSA* (red Joubert) par 4; Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" 1968 *THRHR* 214-215; Zimmermann *The Law of Obligations. Roman Foundations of the Civilian Tradition* (1990) 825-826; Dannenbring *Roman Private Law* (1980) 182; Van Zyl *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* (1977) 273; Conradie *Die "Convention"- en "Contemplation"-Beginsels by Skadevergoeding na Kontrakbreuk* (Ongepubliseerde LLM-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1987) 7; Van der Walt *Die Sommeskadeleer en die "Once and for All"-Reël* (Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1977) 148; Jolowicz "The original scope of the *Lex Aquilia* and the question of damages" 1922 *LQR* 227. Skadevergoeding is afsonderlik deur elke betrokke aksie *per se* bepaal: *D* 46 8 13*pr*; *D* 19 1 31 1; Zimmermann 826-827. Totdat die *lex Aquilia* uitgevaardig is, blyk dit dat "skadevergoeding" teen vasgestelde tariewe toegestaan is, maar hierdie metode het weens inflasie onprakties geraak: Daube "On the third chapter of the *Lex Aquilia*" 1936 *LQR* 256; Van den Heever (n 1) 16. Tov skadevergoeding in die Ou Testament, sien *Eksodus* 21:18 ev. Sien n 126 hieronder ivm die *Twaalf Tafels*.

3 *G* 4 43: *Ea pars formulae, qua iudici condemnandi absolvendive potestas permittitur.* ’n *Condemnatio* (die oorsprong waarvan na die *legis actio*-prosedure teruggevoer kan word) kon *certa* of *incerta* wees en was altyd op ’n geldbedrag gerig: Van Zyl (n 2) 273 en 375; Wenger *Institutes of the Roman Law of Civil Procedure* (1955) 143 ev; Conradie (n 2) 7. Die *iudex* was verplig (behalwe in uitsonderingsgevalle, bv by die *rei vindicatio*) om vonnis bwv ’n geldbedrag toe te staan, al was spesifieke nakoming in die betrokke geval nog moontlik: *G* 4 48; Erasmus "Aspects" (n 2) 106; Dannenbring (n 2) 182.

4 Die *formula* het uit verskillende klousules (bv *intentio, demonstratio, condemnatio, adiudicatio* en *nominatio iudicis)* bestaan: *G* 4 39-44; Wenger (n 3) 371; Van Zyl (n 2) 374; Van Warmelo ’n *Inleiding tot die Studie van die Romeinse Reg* (1971) 262.

5 Volgens Erasmus "Aspects" (n 2) 106 was die vergoeding (en die onderliggende rede daarvoor): "[T]he price of redemption from liability, that is, the monetary compensation offered to the victim in order to save the wrongdoer from the harshness of personal execution." Sien ook Dannenbring (n 2) 182.

6 Welke vergoeding op eie meriete en individueel ogv die aard van die aksie beoordeel is: Van Zyl (n 2) 273; Erasmus "Aspects" (n 2) 105; Zimmermann (n 2) 825. Dus is die bestaan van ’n regsverbintenis uit die bestaan van ’n aksie afgelei: Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 215. Aksies is ingedeel as suiwer poenale aksies (bv die *actio furti* wat slegs *poena* ten doel gehad het) en gemengde aksies (bv die *actio legis Aquiliae* wat *poena* en vergoeding beoog het): Erasmus "Aspects" (n 2) 106-107. Die *iudex* se diskresie by *litis aestimatio* is deur die bedes (bv *certa pecunia*) in die *condemnatio* bepaal: *G* 4 43; *G* 4 51 Erasmus "Aspects" (n 2) 106; Scott *Die Geskiedenis van die Oorerflikheid van Aksies op grond van Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* (Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Leiden, 1976) 13 ev.

7 Erasmus "Aspects" (n 2) 105-106; Zimmermann (n 2) 35, 771 en 825; Van Zyl (n 2) 273; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4; Conradie (n 2) 7-8; Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2). Beinart "*De Lege Aquilia*" 1946 *THRHR* 200 twyfel of die *iudex* aanvanklik by magte was om die skade te bepaal omdat daar geen aanduiding is dat die begrip *quanti ea res fuit* in die *legis actio* ingesluit was nie.

*formula* opdrag gekry om die verweerder tot die betaling van 'n geldsom te veroordeel.[8] 'n Eis vir ontbinding, restitusie of spesifieke nakoming was by implikasie onmoontlik.[9] Gevolglik is daar nie tussen die primêre aanspreeklikheid uit die verbintenis en die sekondêre aanspreeklikheid vir skadevergoeding onderskei nie.[10] Indien die aksie *certum*[11] was, moes die *iudex* die objektiewe markwaarde[12] (soos op datum van *litis contestatio*)[13] van die verskuldigde prestasie as basis[14] gebruik om die vergoeding te bepaal.[15] Waar die aksie *incertum* was, moes die *iudex* sodanige vergoeding toestaan as wat onder die omstandighede presteer moes word.[16] Alhoewel die maatstaf by berekening van "skadevergoeding" in die klassieke Romeinse reg op objektiewe standaarde[17] berus het,[18] blyk dit dat daar 'n mate van subjektiewe indringing by die bepaling van *id quod interest* was.[19] So is persoonlike benadeling by die waardebepaling van saakbeskadiging (veral waar die objektiewe waarde van die *res* met betrekking tot die benadeling onvoldoende was) onder die *lex Aquilia* in ag geneem.[20] Voormelde subjektiwiteit was veral ter sprake waar die aksie *incertum* was.[21] *Id quod interest* was nie noodwendig sinoniem aan skadevergoeding nie,[22] maar het eerder op die belang wat die

---

8 Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 215.

9 Zimmermann (n 2) 578, 770, 801 en 825.

10 Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 215.

11 In hierdie geval het die *formula* ogv die *condemnatio* die *iudex* aangesê om sy diskresie in ooreenstemming met die norm *quanti ea res est* (*erit, fuit*) uit te oefen: Conradie (n 2) 8.

12 Dit is *quanti ea res est* (*erit, fuit*) (hierdie gedagterigting het reeds in die klassieke Romeinse reg na *id quod interest* geneig): Van Zyl (n 2) 274; Conradie (n 2) 9.

13 Erasmus "Aspects" (n 2) 106; Dannenbring (n 2) 183.

14 Vergoeding was dan bereken nav twee-, drie- of viermaal die objektiewe markwaarde (soos op datum van *litis contestatio* en uitspraak): Erasmus "Aspects" (n 2) 107; Dannenbring (n 2) 183.

15 *D* 2 7 5 1; *D* 27 3 1 20; Erasmus "Aspects" (n 2) 106 en 216; Van Zyl (n 2) 274; Dannenbring (n 2) 183; Zimmermann (n 2) 95, 771, 784 en 825.

16 *Inst* 4 6 30. Dit is *quidquid ob eam rem dare facere oportet* waarvolgens die maatstaf *id quod eius* (*actoris*) *interest* of *quanti interest* was en faktore soos *damnum emergens, lucrum cessans*, vrugte en rente is in ag geneem. Hierdie begrip was, anders as vandag, nie *per se* 'n metode van skadevasstelling bwv 'n vermoënsregtelike vergelyking nie, maar het bloot beteken dat dit regtens verhaalbaar was: Van Zyl (n 2) 274; Conradie (n 2) 8-9; Erasmus "Aspects" (n 2) 106-107; Zimmermann (n 2) 826 en 827; Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 216; Dannenbring (n 2) 183. *Lucrum cessans* is in die volgende tekste by die bepaling van *id quod interest* in ag geneem: *D* 13 4 2 8; *D* 19 1 23 31; *D* 19 2 33; *D* 19 2 24 4; *D* 19 2 15 9-19*pr*; *D* 21 2 8; *D* 39 2 37; *D* 46 8 13*pr*; *D* 9 2 23*pr*; *D* 9 2 51*pr* – maar in die volgende tekste buite rekening gelaat: *D* 9 2 29 3; *D* 18 6 20; *D* 24 1 5 13; *D* 39 2 26; *D* 47 2 72 1. Lg verskynsel regverdig nie die afleiding dat daar 'n onderskeid tussen *lucrum cessans* en *damnum emergens* in die klassieke Romeinse reg was nie, maar "must be seen as part of the process of breaching the limitations of an assessment based on the objective value of the *res*": Erasmus "Aspects" (n 2) 108. Sien ook Conradie (n 2) 9-10.

17 Bv die hoogste waarde die afgelope jaar of dertig dae: Daube (n 2) 256.

18 Zimmermann (n 2) 664 n 101, 665 n 39, 788 en 825.

19 Erasmus "Aspects" (n 2) 107-108. Die term *"id quod interest"* het in die na-klassieke Romeinse reg in onbruik verval, maar is weer gedurende die Justiniaanse tydperk gebruik: Conradie (n 2) 10. Verder blyk dit dat die interessebegrip eerste tav die beskadiging van 'n *res* en daarna tav die vernietiging van die *res* ontwikkel het: Daube (n 2) 258-259.

20 Erasmus "Aspects" (n 2) 107-108.

21 Zimmermann (n 2) 826.

22 *Id quod interest* was in die Romeinse reg nie gelyk aan die vermoënsverskil (dit is

benadeelde in die *res* gehad het, gedui.[23] Verder was *id quod interest* in die klassieke Romeinse reg nie ’n berekeningsformule[24] nie en het dit ook nie volledige skadevergoeding geïmpliseer nie.[25] Waar die aksie *incertum* was, het twee kwalifikasies as rigtingwysers vir die *iudex* se diskresie by skadevasstelling gedien, te wete deur óf die persoon om wie se belang dit gaan aan te dui,[26] óf aan te toon waarin die persoon ’n belang[27] het.[28] Die onderskeid tussen die begrippe positiewe en negatiewe interesse[29] het nie in die klassieke Romeinse reg bestaan nie.[30]

Teen die middel van die vierde eeu nC[31] is die *formula*-prosedure met die *cognitio*-prosedure[32] vervang.[33] Sodoende het die *in iure* en *apud iudicem* fases verval en het een amptenaar (wat deur die staat binne ’n hiërargie van howe aangestel is) op grond van "pleitstukke" (*libellus conventionis* en *libellus contradictionis* of *responsionis*) die hele geregtelike proses behartig.[34] Dit het meegebring dat *condemnatio pecuniaria* verval het.[35] Vervolgens kon ’n veroordeling uit sowel ’n bevel om ’n geldbedrag te betaal as ’n bevel tot spesifieke nakoming bestaan.[36] *Id quod interest* was ook nie meer nét aan die

---

die rekeningkundige aftreksom tussen die benadeelde se werklike en hipotetiese vermoë) soos dit voor en na die gewraakte handeling was nie: Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 215; Medicus *Id quod Interest. Studien zum Römischen Recht des Schadensersatzes* (1962) 302 ev; *contra* Hijmans *Romeinsch Verbintenissenrecht* (1927) 393.

23 Maw *quod* (*mea, tua, nostra*) *in re est* (wat van aksie tot aksie kon verskil) teenoor *quanti ea res est:* Zimmermann (n 2) 824 en 826; Price "Patrimonial loss and Aquilian liability" 1950 *THRHR* 88. Mbt die *lex Aquilia* blyk dit dat die gebruik van *id quod interest*, wat niks te doen gehad het met die benadeelde se volle interesse nie, gedui het op die *iudex* se vryheid om die *res* se objektiewe waarde in gepaste gevalle te oorskry: Conradie (n 2) 9; Van der Walt (n 2) 148-149.

24 Zimmermann (n 2) 826.

25 Van der Walt (n 2) 148.

26 Bv *id quod interest mea* of *emptoris.*

27 Bv *id quod interest rem habere* of *deceptum non esse*.

28 Van der Walt (n 2) 149.

29 Tov interesse in die Romeinse reg maak Jolowicz (n 2) 229-230 die volgende uitsprake: (a) Aangesien die *lex Aquilia* aanvanklik slegs met die vernietiging van ’n *res* gehandel het, was daar geen behoefte aan enige beginsels rakende interesse nie; (b) die interessebeginsel is deur noodsaak ontwikkel nadat skadevergoeding agv die gedeeltelike beskadiging van ’n *res* verleen is; en (c) skade bereken ogv die waarde van die *res* en interesse het onafhanklik van mekaar gefunksioneer, behalwe in gevalle "where some item of interesse is so closely bound up with the identity of the article damaged that it can be regarded as part of its value ... ."

30 *D* 19 1 30 1; *D* 19 1 43; *D* 21 2 8 dui wel op positiewe interesse en *D* 19 1 13 1-2; *D* 19 1 21 2 op negatiewe interesse, maar hierdie onderskeid word nie konsekwent (bv *D* 18 7 6 1; *D* 19 1 43; *D* 19 1 13 1-2) op beginselgrondslag gehandhaaf nie: Erasmus "Aspects " (n 2) 109; Conradie (n 2) 10.

31 Daar is aanduidings dat die *formula*-prosedure reeds tussen 284-305 nC uit die praktyk verdwyn het en daarna net om histories-teoretiese redes bly voortbestaan het: Van Zyl (n 2) 385.

32 Ook bekend as *cognitio extra ordinem* of *cognitio extraordinaria:* Van Zyl (n 2) 385.

33 Van Zyl (n 2) 385; Erasmus "Aspects" (n 2) 109; Conradie (n 2) 10; Dannenbring (n 2) 183.

34 Van Zyl (n 2) 385-386; Buckland *A Text-Book of Roman Law from Augustus to Justinian* (1966) 662 ev; Jolowicz *Historical Introduction to the Study of Roman Law* (1967) 457 ev; Zimmermann (n 2) 828.

35 Erasmus "Aspects" (n 2) 109; Van Zyl (n 2) 387; Conradie (n 2) 10-11.

36 Erasmus "Aspects" (n 2) 109; Van Zyl (n 2) 387; Dannenbring (n 2) 183;

objektiewe waarde van die *res* gekoppel nie.[37] Verder het die Romeinse reg eerder op die bestaan as die omvang van aanspreeklikheid gekonsentreer. Dit het tot gevolg gehad dat beperkingskriteria (vir die omvang van skadevergoeding) onontwikkeld gelaat is.[38] Beperkingskriteria wat op 'n *ad hoc* basis aanwending gevind het, was voorsienbaarheid van skade,[39] skade[40] wat waarskynlik uit die betrokke handeling kon voortvloei[41] en skade wat *utilitas circa rem*[42] was.[43] Op grond van laasgenoemde is daar gedurende die Middeleeue tussen direkte skade (*utilitas circa rem* ook bekend as *interesse intrinsecum*) en gevolgskade (*utilitas extra rem* ook bekend as *interesse extrinsecum*) onderskei.[44] Skadevergoeding was ook beperk tot daardie skade wat *condictio sine qua non* tot die gewraakte handeling was.[45] Justinianus het in 531 nC[46] by wyse van 'n *constitutio* gepoog om só 'n beperkingskriterium daar te stel: In geval van *casus, qui certam habent quantitatem vel naturam*

---

Zimmermann (n 2) 828. Ogv *D* 42 1 12 1 beweer Jolowicz (n 34) 463 dat 'n bevel vir spesifieke nakoming slegs gegee kon word om 'n spesifieke *res* te lewer – spesifieke nakoming van 'n verpligting om iets te doen (*facere*) kon egter nie beveel word nie.

37 *D* 39 2 3; Erasmus "Aspects" (n 2) 110; Conradie (n 2) 10-11; Zimmermann (n 2) 828; Van den Heever (n 1) 27-28.

38 Erasmus "Aspects" (n 2) 110; Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 217.

39 *D* 19 1 43.

40 Dit blyk gevolgskade te wees.

41 *D* 19 1 13*pr*; *D* 19 1 6 4.

42 Die enigste ander plek waar die uitdrukking *utilitas circa rem* voorkom, is *D* 11 3 14 5.

43 *D* 19 1 21 3; Zimmermann (n 2) 830-831.

44 Erasmus "Aspects" (n 2) 111 ev; Zimmermann (n 2) 831. Die metode wat die glossatore gebruik het om hierdie onderskeid te bewerkstellig was om ogv *D* 19 1 21 3, *D* 11 3 14 5 en *D* 19 1 13*pr* vas te stel of die gewraakte handeling *non factum* (in welke geval *interesse utilitas circa rem* verhaalbaar was) of *male factum* was (in welke geval *interesse extra rem* verhaalbaar was): Erasmus "Aspects" (n 2) 116; Zimmermann (n 2) 831-832. Lg onderskeid is gedurende die negentiende eeu deur die *Differenztheorie* verdring; Zimmermann (n 2) 833. Erasmus "Aspects" (n 2) 111 se kommentaar op *D* 19 1 21 3 is: "The authenticity of the text is strongly disputed by mordern scholars and the meaning of the phrase *utilitas circa rem* is obscure ... Romans certainly never consciously considered whether the damages fell within or exceeded the bounds of what was *circa rem* or *extra rem*." *Damnum extra rem* en *interesse utilitas* (*damnum*) *circa rem* is onderskeidelik in die Suid-Afrikaanse positiewe reg (foutiewelik) gebruik om 'n onderskeid tussen "spesiale" (ekstrinsieke) en "algemene" (intrinsieke) skade te maak: *Lavery and Co Ltd v Jungheinrich* 1931 AD 156; *Whitfield v Phillips* 1957 (3) SA 318 (A); *Shatz Investments (Pry) Ltd v Kalovyrnas* 1976 (2) SA 545 (A).

45 Erasmus "Aspects " (n 2) 116.

46 *C* 7 47. Uitgesonder *D* 19 1 44, wat oor die algemeen as geïnterpoleerd beskou word, blyk dit dat voormelde *constitutio* (wat twee jaar voor die publikasie van die *Digesta* uitgevaardig is) geen invloed op die *Digesta* gehad het nie: Erasmus "Aspects" (n 2) 111. Ogv *C* 7 47 het Molinaeus *Tractatus de eo quod Interest* (1546) 42 47 49 51 60 en 154-156 die volgende skadevergoedingsteorie geskep wat basies op voorsienbaarheid gegrond is en via die Franse en Engelse reg aanklank in die Suid-Afrikaanse reg gevind het: *North and Son (Pty) Ltd v Albertyn* 1962 (2) SA 212 (A). Ingevolge *casus certus* (dit is waar die *res certa quantitas* agv 'n bepaalde massa, gewig, getal of maat is of waar die *res certa natura* agv 'n integrale algemene eenheidswaarde is) kan die *quantum* skadevergoeding hoogstens *duplum* die waarde van die *res* wees. In geval van *casus incertus* (dit is waar die *res* nie *certa quantitas vel natura* is nie) en bedrog, moet die *quantum* skadevergoeding (wat enige bedrag kan wees) slegs billikheidsgewys tot die redelikheidskriterium vervat in *C* 7 47 beperk word. Sien Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 214 en 225 ev; Erasmus "Aspects" (n 2) 117-118; Conradie (n 2) 12. Domat *Les Lois Civiles Dans Leur Ordre Naturel* (1745) 35 ev en Pothier *Traité des Obligations* (1813) 159 ev se sienings oor verhaalbare skade is op voormelde voorsienbaarheidstoets van Molinaeus baseer. Tov die invloed wat Molinaeus op Pothier gehad het, sien Honoré *Studies in the Roman Law of Sale* (1959) 147 ev.

was skadevergoeding tot *quantitas dupli* beperk.[47] In gevalle wat nie *casus, qui certum habent quantitatem vel naturam* was nie, moes die *iudex* slegs die skade wat *quod re vera indicitur*, in oorweging neem.[48] Die verhaal van toekomstige skade was ook moontlik.[49]

Aangesien die *cognitio*-prosedure en *condemnatio pecuniaria* in die na-klassieke Romeinse reg verval het,[50] het skadevergoeding en die ontwikkeling daarvan vir die glossatore en pandektiste om die begrip interesse gesentreer.[51] Om botsende tekste in verband met skadevergoeding te versoen en die beginsels rakende skadevergoeding op ’n regswetenskaplike grondslag te plaas, is interesse in verskeie afdelings (soos hieronder uiteengesit) ingedeel.[52] Daar is ook begin om tussen die primêr verskuldigde prestasie en sekondêre aanspreeklikheid vir interesse te onderskei.[53] Interesse word soos volg omskryf: *Interesse est damnum emergens et lucrum cessans ex quo aliquid fieri cesset*.[54]

Ten einde interesse te bepaal, is daar as algemene reël (alhoewel daar heelwat polemiek hieroor is) onderskei tussen *interesse commune* (wat gelyk was aan die objektiewe of markwaarde van die *res*), *interesse singulare* (wat die subjektiewe of persoonlike *affectio* of *utilitas* van die benadeelde verteenwoordig het) en *interesse conventum* (wat dieselfde as die ooreengekome *pretium* was).[55] Hierdie onderskeid is gedurende die sestiende eeu verwerp en het vir alle praktiese doeleindes in onbruik verval.[56] Daar is van die penale aard van skadevergoeding na ’n subjektiewe benadering tot

---

47 *C* 7 47 1 (wat deel van die *ius commune* was); Dannenbring (n 2) 184; Zimmermann (n 2) 828. Wessels *Law of Contract* Vol 2 (1951) par 3356 meen dat *C* 7 47 die rede is waarom rente tot die kapitale bedrag beperk moet word. Contra *D* 12 6 26 1; *C* 4 32 10; *C* 27 1 wat op ’n positiewe voorskrif teen die ophoping van rente dui. Sien ook *Administrasie van Transvaal v Oosthuizen* 1990 (3) SA 387 (W); *LTA Construction Bpk v Administrateur Transvaal* 1992 (1) SA 473 (A); Lubbe "Die verbod op die oploop van rente *ultra duplum* – ’n konkretisering van die norm van *bona fides*?" 1990 *THRHR* 190.

48 Erasmus "Aspects" (n 2) 111. *D* 46 5 11; *D* 19 1 21 3; *D* 19 1 43; *D* 11 3 14 5 plaas blykbaar op kasuïstiese wyse beperkings op die omvang van skadevergoeding wat verhaalbaar was.

49 *D* 35 2 68; *D* 9 1 3; *D* 9 3 7. Tov die verhaal van *lucrum cessans*, sien *C* 7 47 2; *D* 19 1 21 3; en Zimmermann (n 2) 827.

50 Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 219.

51 *C* 7 47; Erasmus "Aspects" (n 2) 111-112; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4. Die interesse begrip het 500 jaar later in Mommsen se *Beiträge zum Obligationenrecht; 2 Abt Zur Lehre vom Interesse* (1855) neerslag gevind.

52 Vir hierdie indeling, sien Scaccia *Tractatus de Commerciis et Cambiis* (1664) 1 ev.

53 Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 219-220. Die begrip “interesse” het dus die sekondêre verpligting om skadevergoeding te betaal, ingesluit: Conradie (n 2) 11.

54 Die oorsprong van hierdie omskrywing, wat die basis van alle ander omskrywings van interesse is, is ’n glos van Accursius: *Possibile est* ad *C* 7 47, wat uit *D* 46 8 13 voortspruit; Erasmus "Aspects" (n 2) 112; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4.

55 Erasmus "Aspects" (n 2) 114; Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 220 ev.

56 Molinaeus (n 46) 12. Sien ook Erasmus "Aspects" (n 2) 115 wat ’n *caveat* op algemene gevolgtrekkings uit voormelde onderskeid plaas.

individuele skadeloosstelling (wat gevolgskade ingesluit het)[57] wegbeweeg.[58] *Solacium* is egter by die bepaling van skadevergoeding buite rekening gelaat.[59]

Voormelde ontwikkeling was die voorloper van die *Differenztheorie*[60] wat as gevolg van kerklike (en nie Romeinsregtelike nie) beïnvloeding ontstaan het.[61] Die onderliggende gedagte van hierdie teorie was om 'n enkelvoudige metode te vind waarmee aan alle skadever-goedingsaansprake inhoud gegee kan word sonder om telkens die aard van die gewraakte handeling en die omringende omstandighede op 'n *ad hoc* basis te ondersoek.[62] Kragtens die *Differenztheorie* word die benadeelde se feitelike vermoënsregtelike posisie[63] vergelyk[64] met die hipotetiese vermoënsregtelike[65] posisie waarin hy sou gewees het indien die gewraakte handeling nie plaasgevind het nie.[66] Die Engelse reg (wat die "common law" en die "civil law" op dieselfde voet geplaas het wat beide kontraktuele en deliktuele skade betref), het vanaf 1880 dieselfde benadering vir die berekening van skadevergoeding as die *Differenztheorie* begin volg.[67] Hierdie beginsel het weer tot die somme-

---

57 *D* 19 2 19 1; *D* 19 1 6 4; *D* 19 1 13*pr*; *D* 19 1 13 1; *D* 13 4 2 8; Zimmermann (n 2) 309, 365 en 827; Van den Heever (n 1) 11 ev.

58 Daar was geen algemene grondslag waarop skadevergoeding beperk is nie: Erasmus "Aspects" (n 2) 113. Die glossatore was nav Accursius se standpunt van mening dat die beperking van *C* 7 47 nie op deliktuele skade van toepassing was nie: Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 222. Verder het die glossatore verskil oor die vraag of die *duplum* itv *C* 7 47 op die ooreengekome prys of die objektiewe waarde van die *res* bereken moes word en is *C* 7 47 as 'n algemene erkenning van aanspreeklikheid vir *lucrum cessans* aangegryp: Erasmus "'n Regshistoriese beskouing" (n 2) 222-223.

59 *D* 9 2 5 1; *D* 9 2 33*pr*; Price (n 23) 88.

60 Mommsen (n 51) 3; Grueber *The Lex Aquilia: The Roman Law of Damage to Property* (1886) 265-266 en 269; Erasmus "Aspects" (n 2) 113-114 en 365-366; Conradie (n 2) 12; Reinecke "Die elemente van die begrip skade" 1976 *TSAR* 27 ev.

61 Zimmermann (n 2) 824 vn 283 meld die volgende: "Of crucial importance was a passage in a letter of St Augustine to a bishop by the name of Macedonius ... according to which restoration is a necessary part of and prerequisite for true penitence: 'n*on remittetur peccatum, nisi restituatur ablatum*'. St Thomas Aquinas further developed this idea and created the dogmatical foundations of the theological doctrine of restitution ... ."

62 Van der Walt (n 2) 9 ev.

63 Mommsen beskou interesse as 'n noodwendige subjektiewe entiteit wat slegs aanwesig kan wees indien die vergelykingsproses 'n nadelige inwerking op die betrokke vermoë het: Van der Walt (n 2) 12 ev. Verder stel Mommsen interesse gelyk aan die benadeelde se volledige skadevergoeding soos op die tydstip van die uitspraak: Van der Walt (n 2) 13-14 en 188 ev.

64 Volgens Mommsen moet nie-vermoënsbelange by hierdie vergelyking buite rekening gelaat word en in ooreenstemming met die Romeinse reg kan geen skadevergoeding vir oordadige luuksheid of van 'n *ex inhonesta causa* voordeel verhaal word nie: Van der Walt (n 2) 18.

65 Alhoewel Mommsen nie "vermoë" omskryf nie, blyk dit uit die sommeskadeleer dat interesse *per se* slegs op die regsubjek se vermoënsbestanddele betrekking het: Van der Walt (n 2) 17 en 165.

66 Erasmus "Aspects" (n 2) 113-114; Zimmermann (n 2) 824; Van der Walt (n 2) 10 ev; Conradie (n 2) 12 en 25. *Damnum emergens* en *lucrum cessans* kan volgens Mommsen wel (as breë indeling van tipes skade) in berekening gebring word: Van der Walt (n 2) 19 ev.

67 Conradie (n 2) 19 ev. So word in *Livingstone v Rawyards Coal Co* (1880) 5 AC 25 op 39 beslis: "I do not think there is any difference of opinion as to its being a general rule that, where any injury is to be compensated by damages, in settling the sum of money to be given for reparation of damages you should as nearly as

skadeleer[68] aanleiding gegee: Hierkragtens is skade[69] as 'n anonieme rekeningkundige resultaat van twee somme gesien.[70] Daar kan aanvaar word dat die sommeskadeleer (wat tans die heersende teoretiese en praktiese skadevergoedingsreg in Suid-Afrika en Duitsland reguleer) geen gemeenregtelike oorsprong het nie.[71] Von Jhering[72] het die *Differenztheorie* afgerond deur 'n onderskeid tussen positiewe interesse (*Erfüllungsinteresse* − dit is die hipotetiese vermoënsregtelike posisie waarin die benadeelde sou gewees het indien daar nie kontrakbreuk was nie[73]) en negatiewe interesse (*Vertrauensinteresse* − dit is die hipotetiese vermoënsregtelike posisie waarin die benadeelde sou gewees het indien daar nie kontraksluiting was nie[74]) te tref.[75]

Romeins-Hollandse juriste van die sewentiende en agtiende eeue het geen wesenlike bydrae tot die verdere ontwikkeling van die skadevergoedingsreg gemaak nie.[76] Van den Heever[77] wys daarop dat:

---

possible get at that sum of money which will put the party who has been injured, or who has suffered, in the same position as he would have been in if he had not sustained the wrong for which he is now getting his compensation or reparation." Hierdie benadering is goedgekeur in *Banco de Portugal v Waterlow* [1932] AC 452*;* *Victoria Laundry v Neuman* [1949] 2 KB 528; *British Transport Commission v Gourley* [1956] AC 185.

68 Ander benamings van Mommsen se interesse beskouing is bv die vergelykingsmetode, vergelykingsteorie, vergelykingshipotese en saldoteorie: Van der Walt (n 2) 10-11.

69 Volgens Mommsen word skade deur die saakwaarde bepaal. Lg word deur die verkeerswaarde van die betrokke vermoënsbestanddeel verteenwoordig en stem dikwels ooreen met die verkoopswaarde of markprys: Van der Walt (n 2) 12 ev.

70 Van der Walt (n 2) 11, 151 en 153 ev. Vir Mommsen was dié 'n vanselfsprekende uitvloeisel van die sommeskadeleer dat die voordele van die gewraakte handeling teen die nadele daarvan verrekenbaar is: Van der Walt (n 2) 17.

71 Van der Walt (n 2) 152.

72 "Schadensersatz bei nichtigen Vertragen" 1861 *Jahrbüch für Dogmatik* 16.

73 Erasmus "Aspects" (n 2) 114; Stein *Fault in the Formation of Contract in Roman Law* (1958) 22. Vanaf 1848 het daar in die Engelse reg 'n soortgelyke algemene beginsel gegeld. Sien *Robinson v Harman* (1848) 1 ExD 850 op 855 waar beslis is dat "where a party sustains a loss by reason of a breach of contract, he is, as far as money can do it, to be placed in the same situation, with respect to damages, as if the contract had been performed". Hierdie beginsel is goedgekeur in *Wertheim v Chicoutimi Pulp* Co [1911] AC 301 (PC) 307; *Monarch* SS *v Karlshamms Oljefabriker* [1949] AC 196; *Koufos v Czarnikow* [1969] 1 AC 350.

74 Erasmus "Aspects" (n 2) 114. Stein (n 73) 22 wys daarop dat "[i]n general, Romanists hold that whereas a seller who does not fulfil his contract, eg who fails to deliver, is liable to the buyer for the positive interest, a seller who has been guilty of non-disclosure or misrepresentation in the negotiations, is liable only for negative interest in classical law. Some hold that in the law of Justinian there is discernible a tendency to replace this by the positive interest". Stein (n 73) 23 is self van mening dat daar in die Romeinse reg nie 'n kategorisering van positiewe en negatiewe interesse was nie en dat skade weens nie-openbaarmaking of wanvoorstelling op 'n basis van nòg positiewe nòg negatiewe interesse bereken was, maar eerder by wyse van "a difference in price, as was obtainable by the *actio quanti minoris* under the Aedilician Edict". Nav *D* 19 1 13*pr*-2 wys hy daarop dat "[w]here the seller *knowingly* sells without disclosing the defect, he is liable in each case, *quanti emptoris interfuit non decipi.* But where the seller is *innocent,* he is not liable at all in the case of the *fur,* and in the case of the *fugitivus,* he is liable, but only *quanto minoris* the buyer would have paid, if he had known the true facts about the slave" (24).

75 Erasmus "Aspects " (n 2) 114; Conradie (n 2) 12; Stein (n 73) 22-23.

76 Mulligan "Damages for breach: Quantum, remoteness and causality" 1956-1958

> Quite early in the development of Roman-Dutch law its authors applied the doctrines of Aristotelian philosophy to the system, reducing the foundations of liability to a common principle according to which the obligation to pay compensation for causing unlawful damage arises out of a disturbance of 'commutative justice'. Such a disturbance causes 'inequalities' between men and natural reason demands that the author of such a disturbance shall affect a readjustment in money, if he cannot in kind.[78]

Interesse[79] word in die Romeinse-Hollandse reg omskryf as:

> *Utilitas amissa et damnum acceptum adversarii dolo vel culpa*[80] *tali, quam praestare tenetur, quod offico judicis ex aequitate aestimatur.*[81]

---

*SALJ* 30; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4; Conradie (n 2) 13. Beginsels rakende skadevergoeding was in wese op Middeleeuse antesedente geskoei: sien Erasmus "Aspects" (n 2) 268, 362 en 365. Die Middeleeuse onderverdeling van interesse het ook geen wesenlike invloed op die Romeins-Hollandse reg gehad nie en verwysings daarna was bloot terloops. Sien bv Perezius *Praelectiones in Duodecim Libros Codicis* (1653) ad *C* 7 47; Gail *De Pignoribus* (1626) 17; Huber *Heedendaegse Rechtsgeleertheyt* (1686) 2 13 3 11 (wat van mening was dat *interesse extra rem* slegs in geval van *dolus* verhaalbaar was); Damhouder *Practyke in Civile Saken* (1660) 105; Erasmus "Aspects" (n 2) 116 en 269.

77 (n 1) 32.

78 Sien ook Voet *Commentarius ad Pandectas* (1829) (Gane *The Selective Voet* 1955-1958) 9 2 11; Price (n 23) 88.

79 Interesse en *id quod interest* is as *schaden* en *interessen* beskryf: Merula *Manier van Procederen* (1741) 4 37 2 18, 4 88 1 18; Conradie (n 2) 13. Agv die verwarring wat hierdie konnotasie veroorsaak het (sien Van Bynkershoek (n 87) 11 1478), is "*schaden*" *en* "*interessen*" later as sinoniem aan *id quod interest* beskou: Matthaeus I *De Auctionibus* (1657) 21 12. Sien ook Erasmus "Aspects" (n 2) 268; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 9; *Sandilands v Tompkins* 1912 AD 171. *Voet* (n 78) 45 1 9 beskou interesse as die vergoeding vir *damnum*. *Damnum* word deur *Voet* (n 78) 39 2 1 omskryf as: *Damnum nihil aliud est, quam patrimonii diminutio.* Hieruit blyk dit dat slegs vermoënskade, dws die vermindering van 'n persoon se stoflike vermoë of boedel, vir doeleindes van skadevergoeding in ag geneem is: Matthaeus I (n 79) 47 3 1 2; Erasmus "Aspects" (n 2) 270-271.

80 *Culpa* (skuld) is ook as beperkingskriterium vir aanspreeklikheid aangewend: Matthaeus I (n 79) 47 3 4: Van den Heever (n 1) 46.

81 Voet (n 78) 45 1 9: "The deprivation of a benefit and the suffering of a loss through such fraud or negligence on the part of an opponent as he is held liable to make good, and as is assessed in fairness by the duty of the judge." Sien ook Conradie (n 2) 11; Matthaeus I (n 79) 1 21 12; Van Leeuwen *Censura Forensis* (1741) 1 4 15 6 het soortgelyke omskrywings van interesse gebied. In die *Aanhangsel tot het Hollandsch Rechtsgeleerd Woordenboek* (1773) (hierna *Aanhangsel*) 737 (tav die outeurskap van hierdie werk, sien Roberts "The mystery man of Roman-Dutch law – LW Kramp" 1932 *SALJ* 345) word "interest" soos volg omskryf: "[E]en gemis van voordeel, zo wel als een geleede schade, ons door arglist of zodaanige *culpa,* als de natuur van handeling toelaat, van wegens onze party overgekoomen en aangedaan, waar van de begroting staat aan het arbitrium van den Rechter, of zo veel'er van iemand afweezend is, en zo veel als hy had kunnen profiteren." Sien ook Erasmus "Aspects" (n 2) 268-271; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4.

*Damnum* (wat omskryf is as “*nihil aliud est, quam patrimonii diminutio*”[82]) het *lucrum cessans* (en toekomstige skade) ingesluit[83] mits die verwagting om wins te maak met sekerheid bepaalbaar was.[84] Die *quantum* skadevergoeding is kragtens algemene objektiewe standaardwaardes (met die spesifieke uitsluiting van persoonlike sentiment of *affectio*) vasgestel.[85] Aanspreeklikheid was beperk tot hoogstens dubbel die waarde van die *res* waaroor die dispuut handel.[86] Hierdie beperking is op grond van *Codex* 7 47 (welke teks ’n ondergeskikte rol gespeel het en hoofsaaklik met strafbedinge gehandel het) ingestel.[87] In geval van twyfel oor die *quantum* skadevergoeding moes die

---

82 Voet (n 78) 39 2 1. Volgens Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4 is dit “a diminution of a person’s partrimony or material estate”. Sien ook Matthaeus I (n 79) 47 3 12; Conradie (n 2) 15.

83 De Groot *Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleertheyt* (1767) (Lee *The Jurisprudence of Holland* (1926)) 3 33 2; Voet (n 78) 9 2 11; Matthaeus I (n 79) 47 4 3 5.

84 Voet (n 78) 45 1 9: *[D]ummodo lucri affulserit certa spes; nam si illud vel incertum nimis, vel nimis longe petitum, ejus habenda ratio non est*. Sien ook Voet (n 78) 9 2 6; *Aanhangsel* (n 81) 747; Huber (n 76) 3 36 11; Erasmus "Aspects" (n 2) 269 en 363 ev; Conradie (n 2) 14-15 en 25.

85 Voet (n 78) 45 1 9: *[I]llud extra dubium est, in definiendo eo quod interest, neutiquam affectionis peculiaris rationem habendam esse, sed communem, ut ita dicam, affectionem oportere spectari*. Sien ook Voet (n 78) 9 2 6; *Aanhangsel* (n 81) 738*;* Huber (n 76) 3 36 12; Erasmus "Aspects" (n 2) 269 en 271; Conradie (n 2) 14-15; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 5. *Ex contractu* skade is toegestaan "as an indemnity for loss"; nominale skadevergoeding (nieteenstaande Voet (n 78) 45 1 12) was aan die Romeins-Hollandse reg onbekend: Erasmus "Aspects" (n 2) 271 en 366-367; Conradie (n 2) 15. Agv Engelsregtelike invloed is nominale skade (wat ’n tweeledige doel gehad het, nl om: (a) Die bestaan van ’n reg aan te toon – tans maak a 19(1)(a)(iii) van die *Wet op die Hooggeregshof* 59 van 1959 vir só ’n bevel voorsiening; of (b) om ’n kostebevel te regverdig) deur die Suid-Afrikaanse howe verleen: McGregor *McGregor on Damages* (1972) 300-325; Ogus *The Law of Damages* (1973) 27-38; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 12; Conradie (n 2) 17-18. Tov *ex delicto* skade som Erasmus "Aspects" (n 2) 271 die posisie soos volg op: "In the Roman-Dutch law the Aquilian action shed all remaining penal elements and grew into a general remedy for patrimonial loss suffered as a result of the wrongful act of another … the sole aim of the Aquilian action was compensation for loss suffered."

86 Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 229 ev.

87 Voet (n 78) 45 1 10 (wat ook uitdruklik vermeld dat *C* 7 47 nie op onregmatige dade van toepassing is nie); Huber (n 76) 3 36 15; Groenewegen *Tractatus de Legibus Abrogatis et Inusitatis in Hollandia Vicinisque Regionibus* (1649) ad *C* 7 47; Van Leeuwen (n 81) 1 4 14 3, 1 4 15 3-5; Van der Linden *Rechtsgeleerd Practicaal en Koopmans Handboek ten Dienste van Regters Praktizijns Kooplieden en Allen die Een Algemeen Overzich van Rechtskennis Verlangen* (1806) 1 14 7; Van Bynkershoek *Observationes Tumultuariae* (1926) 2 14; Van der Keessel *Theses Selectae Juris Hollandici et Zelandici ad Supplendam Hugonis Grotii Introductionem ad Jurisprudentiam Hollandicam* (1800) 1038-1039; Matthaeus I (n 79) 1 21 12; *Aanhangsel* (n 81) 737 ev; Erasmus "Aspects" (n 2) 270; Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 214 ev; Conradie (n 2) 14; Zimmermann (n 2) 829. Tov die Suid-Afrikaanse positiewe reg is daar in *Denny v The South African Loan Mortgage and Mercantile Agency Co Ltd* (1883) 3 EDC 47, die enigste beslissing wat gevind kon word wat met hierdie aspek handel, beslis dat die beperking itv *C* 7 47 steeds in die Suid-Afrikaanse reg van toepassing is. Erasmus "’n Regshistoriese beskouing" (n 2) 238 meen dat lg beslissing *obiter* was en dat die beperking ogv *C* 7 47 in die Suid-Afrikaanse reg in onbruik verval het. Nathan & Schlossberg *The Law of Damages in South Africa* (1930) 185 stem met Erasmus saam. *Contra* Morice *Van der Linden's Institutes of the Laws of Holland* (1922) 136 en Kerr *The Principles of the Law of Contract* (1998) 452 n 90 wat van mening is dat alhoewel die beperking itv *C* 7 47 verouderd is, dit steeds in die Suid-Afrikaanse reg van toepassing is. Kerr baseer sy standpunt op *Whitfield v Phillips* 1957 (3) SA 318 (A). Die Engelse reg het skadevergoeding aanvanklik tot feitelike kousaliteit beperk (sien *Black v Baxendale* (1847) 1 ExD 410; *Waters v Towers* 1853 8 ExD 401), maar later voorsienbaarheid as beperkingsmaatstaf gebruik (sien *Hadley v Baxendale* (1854) 9 Ex 341; Mulligan (n 76) 46 ev). Lg beperkingsmaatstaf was op Pothier se *Obligations* (Evans *“Pothier’s Traité des*

verweerder die voordeel van die twyfel kry, in welke geval die skadevergoeding tot 'n *exiguam summam* beperk was en kontraktuele strafbedinge as gevolg van hierdie benadering aanbeveel is.[88] Die oogmerk van skadevergoeding ingevolge die *lex Aquilia* (in die Romeins-Hollandse reg) word soos volg deur Groenewegen gestel:[89]

> The action under the *lex Aquilia* is not nowadays a penal one, but for damage suffered: hence he who causes damage through negligence is not liable, under modern customs, for more than the value of the actual damage done.[90]

Om aanspreeklikheid daar te stel, is vereis dat skade en die *quantum* daarvan bewys moes word.[91]

Die huidige Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg is nie suiwer op die Romeinse of Romeins-Hollandse reg gegrond nie.[92] Engelsregtelike beïnvloeding (veral op kontraktuele skade) het duidelike spore op hierdie

*Obligationes"* (1802)) gegrond en nie op Engelsregtelike presedente of beginsels nie: Allen "Precedent and logic" 1925 *LQR* 330; Erasmus "Aspects" (n 2) 276-277.

88 *Aanhangsel* (n 81) 739*;* Voet (n 78) 45 1 12; Erasmus "Aspects" (n 2) 269 271 en 366; Conradie (n 2) 14. In *Wheeldon v Moldenbauer* 1910 EDL 97 101 word voormelde *exiguam summam* (nav Voet 45 1 12) foutiewelik as gesag aangehaal om aan te toon dat nominale skade gemeenregtelik verhaalbaar was; vgl Erasmus & Gauntlett (n 2) par 5.

89 Ad *Inst* 4 3 15 (vertaling deur Sampson).

90 Vir soortgelyke standpunte in die Romeins-Hollandse reg, sien Voet (n 78) 9 2 10, 9 2 12; Vinnius *In Quatuor Libros Institutionum Imperialium Commentarius Academicus et Forensis* (1642) ad *Inst* 4.3.9; Van der Keessel (n 87) 1589; Matthaeus I (n 79) 47 3 3. Sien ook Price (n 23) 87-105; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 5; Conradie (n 2) 15-16. Indien 'n *iniuria* skade veroorsaak het, was sodanige skade (wat niks anders as suiwer vermoënskade kan wees nie) kragtens die *lex Aquilia* (en nie die *actio iniuriarum* nie) verhaalbaar: Voet (n 78) 47 10 23; Erasmus "Aspects" (n 2) 272. Mi is voormelde 'n aanduiding dat suiwer vermoënskade in die Romeins-Hollanse reg toegestaan is. Die doel van die *actio iniuriarum* was volgens Van der Keessel (n 87) 1588: [*A*]*pud nos tendit ad emendationem iniuriae per recantationem, et ad poenam pecuniariam.* Sien ook Groenewegen (n 87) 4 4 10; Voet (n 78) 47 10 17; Van Leeuwen (n 81) 4 37 1; Van der Linden (n 87) 1 16 4.

91 Voet (n 78) 9 2 10, 9 2 12, 45 1 12; Erasmus "Aspects" (n 2) 271; Conradie (n 2) 15; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 2 en 5; Van der Walt (n 2) 2.

92 Hahlo en Kahn *The South African Legal System and its Background* (1973) 578; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 4; Conradie (n 2) 6 ev en 20 ev; Wessels (n 47) par 3163; Lee *Introduction to Roman-Dutch Law* (1953) 263; Erasmus "Aspects" (n 2) 105 en 277 ev. Vanaf 1910 is daar deur die Suid-Afrikaanse positiewe reg gepoog om die skadevergoedingsreg op 'n Romeins-Hollandse grondslag te plaas. Weens gevestigde Engelsregtelike presedente en die afwesigheid van algemene gemeenregtelike grondbeginsels vir skadevegoeding, was hierdie poging (veral mbt kontraktuele skade) onsuksesvol: Erasmus "Aspects" (n 2) 364-365; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 7.

gebied van die Suid-Afrikaanse reg gelaat.[93] Erasmus[94] meld die volgende aangaande hierdie beïnvloeding:[95]

> The establishment of judicial and procedural institutions along English lines, the adoption of the English law of evidence, the use of English terminology of damages, the application of English rules of assessment: all these factors have created a strange dichotomy in South African law: whereas the existence of liability is determined in accordance with the substantive law which is Roman-Dutch in origin, the quantification of liability is largely governed by rules and concepts derived from English law.

Voorbeelde van hierdie beïnvloeding is: Nominale[96] en penale

---

93 Erasmus "Aspects" (n 2) 278; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 6; hfst 1 en 2 van die *Charters of Justice* van 1827 en 1832; Conradie (n 2) 21-22.

94 "Aspects" (n 2) 278.

95 Die oënskynlike redes vir hierdie beïnvloeding blyk die verpligte toepassing van die Engelse bewysreg deur die Suid-Afrikaanse howe en die juriestelsel in siviele verhore (1852-1927) te wees, wat ’n duidelike onderskeid tussen die regterlike en juriefunksie gemaak het. As ’n feitevraag was die bepaling van skade ’n juriefunksie: *Cape Evidence Ordinance* 72 van 1830; *Natal Law* 17 van 1859; *Evidence Proclamation* (Transvaal) 16 van 1902; *Evidence Proclamation* (*Orange River Colony*) 11 van 1902; Hoffmann *The South African Law of Evidence* (1970) 5-8; De Villiers "Trial by jury in civil cases" 1918 *SALJ* 393; Juta *The Conduct of Trial Cases* (1919) hfst 5; Bridge "Presumptions and burdens" 1948 *MLR 273*-289; Nokes "The English jury and the law of evidence" 1956 *Tulane LR* 153-172: Erasmus & Gauntlett (n 2) par 6; Conradie (n 2) 18; *Biccard v Biccard* (1892) 9 SC 473. Voormelde redes het veroorsaak dat die (Engelsregtelike) formele reg ’n direkte invloed op die materiële reg mbt skadevergoeding gehad het: *Orphan Chamber v Truter* (1830) 1 Menz 452; *Smith v Skinner* (1847) 3 Menz 188; *Keyter v Le Roux* (1841) 3 Menz 23; *De Villiers v Van Zyl* 1897 Foord 77; *Breda v Muller* (1829) 1 Menz 425; *Cawoods v Simpson* (1845) 3 Menz 542; *Hart and Canstatt v Norden* (1845) 3 Menz 548; Hiemstra "Die onverbreeklike samehang van taal en reg" 1960 *THRHR* 1-4; Erasmus "Aspects" (n 2) 277 ev en 362 ev; Conradie (n 2) 21.

96 Van die vroegste gerapporteerde beslissings waarin nominale skadevergoeding onderskeidelik vir deliktuele en kontraktuele skade toegestaan is, is *Breda v Muller* (1829) 1 Menz 425 en *Cawoods v Simpson* (1845) 3 Menz 542. Sien ook *Liesbing v Colonial Government* (1833) 3 Menz 417; *Lewison v Philips* (1842) 3 Menz 37; *Hart and Canstatt v Norden* (1845) 3 Menz 548; *Willet v Blake* (1848) 3 Menz 343; *Upington v Solomon* 1879 Buch 240; *Baker v Saunders* (1880) 1 Kotzé 176; *Canny v Boorman* (1883) 2 SC 282; *Fransman v Kium* (1884) 3 SC 198; *Fleming v Liesbeek Municipality* (1885) 3 SC 268; *London Exploration* Co *v Howe and* Co (1886) 4 HCG 214; *Beukes v Uys* (1887) 2 SAR 153; *Browning v Van Reenen* (1887) 2 SAR 187; *Proctor v Christ* (1894) 11 SC 254; *Bock v Schroeder and Land* (1894) 9 EDC 106; *Retief v Groenewald* (1896) 10 EDC 140; *Sauerman v English and Scottish Law Life Ass Assoc* (1898) 15 SC 84; *Weber v Africander GM* Co (1899) 16 CLJ 128; *Edwards v Hyde* 1903 TS 381; *Steenkamp v Juriaanse* 1907 TS 980; *Kostoupolos v Mitchell* (1908) 18 CTR 325; *Frenkel v Johannesburg Municipality* 1909 TH 260; *Commissioner of Public Works v Dreyer* 1910 EDL 325; *Solomon v The Alfred Lodge* 1917 CPD 177; *Van Heerden v Paetzold* 1917 CPD 221; *Aliwal North Municipality v Jeffares* 1917 CPD 408; *Postmaster-General v Van Niekerk* 1918 CPD 378; *Molefe v Mdibe* 1919 EDL 112; *Du Plessis v Singer* 1931 CPD 105; *Ngobese v Slatter Bros* 1935 NPD 284; *Vianini Ferroconcrete Pipes (Pty) Ltd v Union Government* 1942 TPD 71. *Contra Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657 op 385 waar beslis is: "The Roman-Dutch law, however, did not encourage actions in cases where no actual damage had been sustained to the same extent as the English law ... in all actions under the *lex Aquilia* it was essential that *damnum* should be proved." Sien verder Erasmus & Gauntlett (n 2).

skadevergoeding[97] (welke vorms van skadevergoeding die verhaling van nie-vermoënskade moontlik maak[98]) is in stryd met gemeenregtelike beginsels[99] toegestaan;[100] die markprysreël geld as algemene skadevergoedingskriterium[101] by nie-lewering;[102] en voorsienbaarheid word as beperkingskriterium vir kontraktuele skade aangewend.[103] Vanaf 1910 blyk dit dat die *lex Aquilia*[104] en die *Differenztheorie*[105] 'n sterk invloed op deliktuele en kontraktuele skade begin uitoefen het.[106] Die volgende beginsel waarvolgens deliktuele skade bereken moet word, is neergelê: Die benadeelde moet sover dit finansieel moontlik is in die vermoënsregtelike[107] posisie geplaas word asof

---

97 Sien bv *De Villiers v Van Zyl* 1800 Foord 77; *Stuurman v Van Rooyen* (1893) 10 SC 35; *Nicholson v Myburgh* (1897) 14 SC 384; *Van der Byl v De Smidt* 1869 Buch 183; *Lord v Gillwald* 1907 EDC 64; *Trystam v Knight* 1922 NPD 186. Die verlening van poenale skadevergoeding het meegebring dat nie-vermoënskade bwv 'n globale toekenning, wat 'n strafelement kon bevat, toegestaan is: Conradie (n 2) 16-17.

98 Conradie (n 2) 16-18.

99 Soms ook in stryd met die Engelse reg: Bv *Attwell and* Co *v Logan* (1884) 3 SC 107 op 113 waar beslis is dat "as a rule, nominal damages would not carry costs". *Contra Beaumont v Greathead* (1846) 2 CB 494 op 499 waar bevestig word dat nominale skade "[is] a mere peg on which to hang costs".

100 Erasmus "Aspects" (n 2) 280-283.

101 Skade word ogv die verskil tussen die kontrak- en die markprys van die *res* bereken: Joubert "Die markprysreël" 1973 *THRHR* 46 ev.

102 *Long and* Co *v Munnik* (1853) 2 Searle 35; *Greenshields v Chisholm* (1884) 3 SC 220; *Van Es v Beyers' Trustees* (1884) 3 SC 9; *Stewart v Ryall* (1887) 5 SC 146; *Cilliers v Papenfus* 1904 TS 73.

103 *Hadley v Baxendale* (1854) 9 ExD 341 (soos beïnvloed deur Pothier se *Obligations*); *Waters v Towers* (1853) 8 ExD 401 en *Black v Baxendale* (1847) 1 ExD 410 was die aanleidende oorsaak vir die oorname van hierdie beperkingskriterium in die Suid-Afrikaanse positiewe reg: *Du Plooi v Roodt* (1883) 1 Greg 2; *Transvaal Silver Mines Ltd v Brayshaw* (1895) 2 OR 95; *Retief v Groenewald* (1896) 10 EDC 140; *Emslie v African Merchants Ltd* 1908 EDC 82 (lg beslissing steun op Voet (n 78) 45.1.9; Domat *Civil Law* 3.52; Pothier *Obligations* (n 46) 159 ev en *Hadley v Baxendale* hierbo); Conradie (n 2) 20 en 25; Zimmermann (n 2) 830; Lauda "*Hadley v Baxendale* and the expansion of the middleman economy" 1987 *Journal of Legal Studies* 455 ev. In *Trustees of the Wesleyan Church v Eayrs* (1902) 19 SC 107 op 113 word bg beperkingskriterium soos volg geformuleer: "[W]hen parties enter into a contract, the damages payable for the breach of contract are such as would be reasonable in contemplation of the parties as naturally arising out of the transaction." Hierdie beperkingskriterium word soos volg deur die Appèlhof in *Victoria Falls and Transvaal Power* Co *Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* 1915 AD 1 op 22 bevestig: "The laws of England and Holland are in substantial agreement on this point. Such damages only are awarded as flow naturally from the breach, or as may reasonably supposed to have been in the contemplation of the contracting parties as likely to result therefrom ... ." In *Evans and Plows v Wills and* Co 1923 CPD 496 502-503 word bevind dat "[t]his rule has its origin in the Roman law and is dealt with by many of the recognised authorities on Roman and Roman-Dutch law". *Contra Lavery and* Co *Ltd v Jungheinrich* 1931 AD 156 waar bevind is dat hierdie regsreël sy oorsprong in Molinaeus se *Tractatus de* eo *Quod Interest* het en dat die "contemplation"-toets (sien *Shatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* 1976 (2) SA 545 (A)) blykbaar met die "convention"-beginsel (sien Conradie (n 2) 115 ev) vervang is. Mi is lg beslissing korrek. Sien ook Erasmus "Aspects" (n 2) 363-364; Zimmermann (n 2) 829; Kerr (n 87) 454.

104 *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657; *Wynberg Municipality v Dreyer* 1920 AD 439; *Matthews v Young* 1922 AD 492; Van der Walt (n 2) 165.

105 Ook bekend as die "sommeskadeleer". Vir 'n volledige bespreking van die *Differenztheorie* sien Van der Walt (n 2) 3 ev. Sien ook n 44 en n 60-75 hierbo.

106 Erasmus "Aspects" (n 2) 363-364; Conradie (n 2) 19-20 en 22-25.

107 Vermoë word geag die *universitas* van 'n regsubjek se regte en verpligtinge te wees: *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657; Van der Walt (n 2) 165. *Contra D* 50 16 83; *D* 50 16 39; *D* 37 1 3*pr* wat die vermoë beskou as die *bona* of *res* (dws met die klem op die objek en nie die reg

die delik nie gepleeg is nie.[108] *Damnum* (wat die kern van ’n delik is) word nie slegs beskou as skade aan die *res* veroorsaak nie, maar ook as "the loss suffered by the plaintiff by reason of the negligent act".[109] Voormelde beginsels is soos volg in *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke*[110] bevestig:

> [W]e are at once faced with the fact that it was essential to a claim under the *lex Aquilia* that there should have been actual damnum in the sense of loss to the property of the injured person ... the compensation under the *lex Aquilia* was only for patrimonial damages, that is, loss in respect of property, business, or prospective gains ... In later Roman law property came to mean the *universitas* of the plaintiff's rights and duties, and the object of the action was to recover the difference between that universitas as it was after the act of damage, and as it would have been if the act had not been committed (Grueber at 269). Any element of attachment or affection for the thing damaged was rigorously excluded. And this principle was fully recognised by the law of Holland.

Daar is ook ’n duideliker onderskeid tussen aanspreeklikheid onder die *lex Aquilia* en die *actio iniuriarum* getref.[111] Die ly van werklike vermoënskade is weer as absolute vereiste vir aanspreekliheid onder die *lex Aquilia* gestel.[112] In 1905, sonder om na enige gesag te verwys, word die beginsel waarvolgens kontraktuele skade berekenbaar is, soos volg in *Dennill v Atkins and Co* gestel:[113]

---

*per se* nie) wat die regsubjek oor het nadat alle verpligtinge nagekom is. Sien ook Van der Walt (n 2) 166-169. Volgens Van der Walt (n 2) 181 is die vermoë vir skadevergoedingsdoeleindes: "[D]ie losse eenheid van daardie middele wat die bevrediging van die eieser se ekonomies relevante behoeftes kan dien, en wat vir hierdie doel van regsweë individueel of in kleiner eenhede aan hom toebedeel is."

108 *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657; *Oslo Land* Co *Ltd v Union Govemment* 1938 AD 584; Erasmus "Aspects" (n 2) 365-366; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 7; Price (n 23) 90 ev.

109 *Oslo Land* Co *Ltd v Union Government* 1938 AD 584 593; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 7.

110 1911 AD 657 op 665.

111 De Villiers *The Roman and Roman-Dutch Law of Injuries* (1899) 1 ev; Erasmus "Aspects" (n 2) 365; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 7; Conradie (n 2) 23; *Salzmann v Holmes* 1914 AD 471.

112 *Union Government (Minister of Railways and Harbours) v Warneke* 1911 AD 657; Conradie (n 2) 23.

113 1905 TS 288-289.

> The general rule is that when a contract is broken the injured party if possible be placed as nearly as possible in the same position as he would have occupied if the contract had been performed.[114]

Aangesien positiewe interesse en die berekening van *id quod interest* in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg as die verskil tussen die benadeelde se hipotetiese vermoënsregtelike posisie voor en na die gewraakte handeling onbekend was, is daar geen gemeenregtelike grondslag vir laasgenoemde beginsel nie.[115] Tans blyk dit asof *id quod interest* (interesse), *damnum* of die verlies ("loss") waarvoor skadevergoeding verhaalbaar is, uit *damnum emergens* (daadwerklike skade) of *lucrum cessans* (gederfde wins) kan bestaan.[116]

Erasmus[117] vat die oorsprong van die Suid-Afrikaanse skadevergoe-dingsreg soos volg saam:

> The South African legal system is a hybrid one 'in which civil and common law elements jostle each other' ... This is particularly evident in the South African law of Damages. On the one hand the courts ... and writers of textbooks ... have relied on civilians such as Voet, Domat and Pothier in their exposition of contractual damages. On the other hand it has been stated that, apart from these rules of general application derived from Voet, 'the law of damages in the modern Roman-Dutch law is substantially the same as in English law' … The

114 In *Victoria Falls and Transvaal Power* Co *Ltd v Consolidate Langlaagte Mines Ltd* 1915 AD 1 aanvaar die Appèlhof hierdie beginsel wat met *Robinson v Harman* (1848) 1 Ex 350 (waar beslis is dat "where a party sustains a loss by reason of a breach of contract, he is, so far as money can do, to be placed in the same situation, with respect to damages, as if the contract had been performed") en die positiewe interesse-teorie van Von Jhering ooreenstem. Sien n 72-75 hierbo; Conradie (n 2) 18-19 en 24.

115 Sien n 71 hierbo; Erasmus "Aspects" (n 2) 368; Conradie (n 2) 24. *D* 10 4 9 8; *D* 13 4 2 8; *D* 19 1 1*pr*; *D* 19 2 19 1; *D* 19 2 33; *D* 39 2 4 7; *D* 46 8 13*pr* dui daarop dat igv kontrakbreuk slegs *id quod interest* verhaalbaar is. Matthaeus I (n 79) 1 21 2, Voet (n 78) 45 1 9 en Van Leeuwen (n 81) 1 4 15 6 se omskrywings van interesse is op Accursius se omskrywing (ogv *D* 46 8 13) baseer, welke omskrywing die benadeelde nie in die hipotetiese vermoënsregtelike posisie geplaas het waarin hy sou wees indien die kontrak reëlmatig nagekom is nie: Conradie (n 2) 25; n 79 en n 81 hierbo.

116 *Stow, Jooste and Mathews v Chester and Gibb* (1889) 3 SAR 127; *Dalby v Soffiantini* 1935 EDL 119; *Jockie v Meyer* 1945 AD 354; *Smit v Saipem* 1973 (4) SA 335 (T); *Whitfield v Phillips* 1957 (3) SA 318 (A); Conradie (n 2) 7; Van den Heever (n 1) 91. Hierdie benadering stem in wese ooreen met die omskrywings van Voet (n 78) 45 1 9 (sien n 79-85 hierbo), Matthaeus I (n 79) 1 21 12 en Van Leeuwen (n 81) 1 4 15 6.

117 "Aspects " (n 2) 105.

duality of the origins of the South African law of damages is reflected in its terminology.[118]

## 3 Historiese problematiek insake suiwer vermoënskade

Suiwer vermoënskade beteken dat die skade wat gely word nie direk of indirek met ’n *res* (saakskade) of *corpus* (persoonskade) verband hou nie, maar dat dit suiwer ’n vermoënsvermindering tot gevolg het.[119] Die probleme rondom suiwer vermoënskade is histories van aard omdat damnum kragtens die *lex Aquilia* direk of indirek aan ’n fisiese aspek gekoppel was.[120] In beginsel was die bronne nie pertinent teen die toestaan van ’n aksie vir suiwer vermoënskade gekant nie.[121] Uit *Institutiones* 4 3 16[122] blyk dit dat Justinianus in die breë bepaal het dat enige vorm van *damnum*, ook *damnum* wat *sine laesione corporis aut rei* veroorsaak was, (by implikasie dus ook suiwer vermoënskade) verhaalbaar was.[123] Die betekenis van die woord *damnum* was egter sodanig dat daar nog ruimte vir verdere ontwikkeling bestaan het.[124] *Damnum* was nooit identies aan saakbeskadiging[125] nie.[126] Die

---

118 Bv *id quod interest,* positiewe en negatiewe interesse*, damnum emergens* en *lucrum cessans* (alhoewel die Romeinse reg tussen *damnum emergens* en *lucrum cessans* onderskei het, is hierdie twee begrippe van Middeleeuse oorsprong: *D* 19 2 15 9-19*pr*; Erasmus & Gauntlett (n 2) par 2, 6, 8, 9 en 13; Conradie (n 2) 251 teenoor algemene, spesiale, nominale en poenale skade.

119 Pauw "Aanspreeklikheid vir 'suiwer vermoënskade' in die Suid-Afrikaanse reg" 1975 *De Jure* 23; Van der Walt "Nalatige wanvoorstelling en suiwer vermoënskade: Die Appèlhof spreek ’n duidelike woord" 1979 *TSAR* 145.

120 *D* 9 2 2*pr* en *D* 9 2 27 5; Van den Heever (n 1) 8-14 en 28-29; Van der Walt (n 119) 147; Pauw (n 119) 25.

121 Pauw (n 119) 25; Pauw "Weer eens nalatige wanvoorstelling" 1978 *THRHR* 54 ev. Alhoewel die *lex Aquilia* bwv *actiones utiles et factum* en ekstensiewe interpretasie uitgebrei is, is die uitbreidingsproses gekniehalter deur die oorspronklike eng bepalings van die *lex Aquilia:* Van der Walt (n 119) 147. Van den Heever (n 1) 28 is van mening dat die *damnum*-begrip sodanig in die Romeinse reg ontwikkel het dat fisiese skade nie meer ’n absolute vereiste vir aanspreeklikheid onder die *lex Aquilia* was nie. Sien ook Price (n 23) 88.

122 [*S*]*ed si non corpore damnum fuerit datum neque corpus laesum fuerit, sed alio modo damnum alicui contigit ... placuit eum qui obnoxius fuerit in factum actione teneri*. Zimmermann (n 2) 1023 se kommentaar op hierdie teks is: "This passage, if taken out of context, could indeed be taken to imply that any form of *damnum* was recoverable, irrespective of whether a specific *res* had in any way been affected or interfered with." Vir ander voorbeelde van aanspreeklikheid onder die *lex Aquilia* waar daar nie ’n fisiese inwerking was nie, maar slegs ’n handeling tav ’n *res,* sien *D* 9 2 27 21; *D* 9 2 27 14-17; *D* 9 2 27 22; *D* 9 2 39*pr; D* 9 2 42; Van der Walt (n 119) 148.

123 Zimmermann (n 2) 1022-1023; Van den Heever (n 1) 32-33. Alhoewel die progressiewe ontwikkeling van die *lex Aquilia* gepaard gegaan het met moderne delikselemente *(iniuria, culpa,* handeling, kousaliteit en *damnum*) was daar nog nie sprake van wetenskaplik geformuleerde algemene beginsels van aanspreeklikheid nie: Van der Walt (n 119) 148 ev.

124 Pauw (n 119) 25.

125 Hierdie aspek word bevestig deurdat die *lex Aquilia* (bwv ’n *actio utilis)* vir die *pater* beskikbaar was indien ’n *filius* beseer is en in die na-klassieke Romeinse reg ook waar die vry persoon self beseer is (welke beserings nie saakbeskadiging is nie): *D* 9 2 13*pr*; *D* 9 2 5 3; *D* 9 2 7*pr*; *D* 9 2 7 4; *D* 9 1 3; Pauw (n 119) 24. Lg dui op ’n beklemtoning van suiwer vermoënsverlies, in teenstelling met die verlies voortvloeiend uit saakbeskadiging: Van der Walt (n 119) 148. *Damnum* is ook (ogv ’n *actio in factum*) toegestaan waar iemand ’n geboeide slaaf loslaat wat vlug en dus nie meer deel van die eienaar se vermoë is nie: *Inst* 4.3.16; Pauw (n 119) 24-

betekenisverandering van die begrip *damnum* het ook tot die ondermyning van die oorspronklike vereistes vir saakbeskadiging onder die *lex Aquilia* bygedra.[127] *Damnum* as sodanig is nie meer (soos aanvanklik) aan die waarde van die beskadigde saak gelyk gestel nie,[128] maar het toenemend die betekenis van vermoënsverlies[129] begin kry.[130] Hierdeur is die belangrikheid van die vermoë (in plaas van die *res* en saakbeskadiging) by die bepaling van aanspreeklikheid beklemtoon.[131] Hoofstuk 2 van die *lex Aquilia* (wat oor die *adstipulator* handel)[132] het blykbaar die toestaan van suiwer vermoënskade veroorloof.[133] Aangaande suiwer vermoënskade in die Romeinse reg meld Zimmermann[134] die volgende:

> As far as the possible objects of Aquilian protection were concerned, Stryk's rather comprehensive formulation ('*omnium damnorum reparatio ex hoc petatur*') suggests that all limits had come to be abandoned. This was indeed the case. For, firstly, the *lex Aquilia* had been extended, rather surreptitiously, to cover purely patrimonial loss as such. No specific precedent for this development was available in the Roman sources ... Corruption of a *res* was not necessarily required; but even where the lawyers awarded damages *sine laesione corporis*, these damages were still the result of the plaintiff's having been deprived of a particular item of his property, not purely patrimonial loss as such.[135]

25. 'n Verdere ontwikkeling gedurende die Middeleeue was dat afhanklikes suiwer vermoënskade weens die dood van 'n broodwinner kon eis: Pauw (n 119) 26.

126 Pauw (n 119) 24. Daube (n 2) 93 toon aan dat *damnum* nie skade soos gemanifesteer aan 'n saak beteken nie, maar skade wat 'n persoon aan sy vermoë (agv die aantasting van 'n *res*) ly. In die *Twaalf Tafels* was "saakbeskadiging" *noxia* genoem, terwyl *damnum* die benadeelde se eienaarsbelang in die *res* verteenwoordig het: Daube (n 2) 97; Pauw (n 119) 24. Sien verder *Tabulae* 8 2 tot 8 4 van die *Twaalf Tafels* wat oor *talio* en vaste boetes gehandel het.

127 Van der Walt (n 119) 145 op 148.

128 Dit is *quanti ea res interest.*

129 Dit is *id quod interest.*

130 *D* 9 2 27 17; *D* 9 2 33; *D* 9 2 23 4; *D* 9 2 40; *D* 9 2 41*pr*; *D* 9 2 29.3; *D* 9 2 22 1; *Inst* 4 3 10; *D* 9 2 21 2; Daube (n 2) 93; Van den Heever (n 1) 27-28; Van der Walt (n 119) 148.

131 Van der Walt (n 119) 148.

132 Vir 'n volledige bespreking van die *adstipulator,* sien Pauw (n 119); Daube (n 2) 267; Zimmermann (n 2) 954 en 957-959.

133 Pauw (n 119) 24; Daube (n 2). Van den Heever (n 1) 4 wys daarop dat hfst 2 oor die verbeuring van 'n kontraktuele reg gehandel het, welke verbeuring mi suiwer vermoënskade daarstel.

134 (n 2) 1022.

135 Sien ook *D* 9 2 33 1; Lawson "The duty of care in negligence: A comparative study" 1947 *Tulane LR* 115 ev; Zimmermann (n 2) 986. Daar moet in gedagte gehou word dat die *lex Aquilia* aansienlik op 'n *ad hoc* basis deur die *actio in factum* en *actio utilis* uitgebrei is. Daar kan mi geen finale gevolgtrekking oor die toestaan al dan nie van suiwer vermoënskade in die Romeinse reg gemaak word nie. Sien ook Pauw (n 119) 24.

Omdat die na-klassieke Romeinse reg nie meer so sterk op spesifieke aksies ingestel was nie, is Price[136] van mening dat die Romeinse reg aanspreeklikheid vir suiwer vermoënskade op ’n algemene basis erken het.[137] Lawson[138] (wat steeds skade met ’n *res* in verband wil bring) huldig die volgende standpunt:

> Although the Byzantine *actio in factum* for merely pecuniary damage is usually regarded as having been general in character, it is something of a mystery and we have no means of knowing how it was kept within bounds. It came at the very end of the ancient development of Roman law and is left very much in the air. But it cannot have been so universal in scope as would at first sight appear, for otherwise there would have been no need to retain the *actio doli* ... From the very little evidence we have, it would seem that the *actio in factum* lay only for the pecuniary damage caused by negligently procuring the loss of a specific thing belonging to the plaintiff, without causing physical damage to it.[139]

Durantis[140] het gedurende die Middeleeue daartoe bygedra dat suiwer vermoënskade kragtens die *lex Aquilia*[141] geëis kon word.[142] Accursius[143] beskou die *actio in factum* as: *Subsidiaria que in damnis datur que lege Aquilia non comprehenduntur vel non tenentur*.[144]

Die rede vir hierdie stelling was dat Roffredus[145] melding gemaak het van nog ’n subsidiêre *actio in factum* wat gegeld het in gevalle waar daar inderdaad geen ander aksie beskikbaar was nie.[146] Dat suiwer vermoënskade met voormelde *actio in factum* verhaalbaar was, is dus moontlik.[147] Struve[148]

136 "The conception of 'duty of care' in the *Actio Legis Aquiliae*" 1949 *SALJ* 171 173.
137 Sien ook Price (n 23); Pauw (n 119) 25.
138 26-27. Sien ook Van der Walt (n 119) 148.
139 Saakbeskadiging was nie ’n absolute vereiste nie, maar iewers moes iets fisies op die spel gewees het. Sien ook Pauw (n 119) 25. In *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 (3) SA 824 (A) 830 beslis die Appèlhof "dat die reg op vergoeding van suiwer vermoënskade in sekere beperkte gevalle in die Romeinse reg erken is maar dat dié reg tog verband gehad het met ’n saak of ’n *corpus*". Van der Walt (n 119) 147 bevestig die korrektheid hiervan.
140 Vgl die klassieke voorbeeld in *Speculum Iudiciale* 4 4 2 14: *Quid si propter faeces quas proiecisti in viam ante domum meam, condemnatus sum in decem secundum statutum loci dic, quod agere possum contra te ad illa decem: quia qui occasionem damni dat damnum dedisse videtur.*
141 In werklikheid met ’n *actio in factum:* Zimmermann (n 2) 1023; Pauw (n 119) 25.
142 Zimmermann (n 2) 1023-1024.
143 *Glossa Accursiana* 10 ad *Inst* 4.3.16.
144 Dus is die *actio in factum* toegestaan waar daar ’n basis (dws waar ’n *res* ter sprake was) vir aanspreeklikheid ogv die *lex Aquilia* was: Azo *Summa Codicis De Lege Aquilia* (1552) 19; Pauw (n 119) 25.
145 *Libelli Iuris Civilis* 24.
146 Pauw (n 119) 25-26.
147 Maar dan was dit nie meer ’n verskyningsvorm van die *lex Aquilia* nie: Pauw (n 119) 26.
148 *Syntagma* 14 9 2 0.

omskryf 'n delik gedurende die sewentiende eeu soos volg:

> *Fundamentum et causa hujus actiones est damnum injuria datum ... quo patrimonium seu res aliena dolo, aut culpa diminuitur.*[149]

Voormelde omskrywing bevestig dat suiwer vermoënskade gedurende die Middeleeue deliktueel geëis kon word.[150] So kon 'n regsverteenwoordiger deliktueel vir suiwer vermoënskade aangespreek word indien die kliënt weens foutiewe regsadvies skade gely het.[151]

Anders as die Romeinse reg was die Romeins-Hollandse reg nie soseer op aksies nie, maar op beginsels en remedies ingestel.[152] Aangesien geen onderskeid tussen die verskillende soorte skade gemaak is nie, kon suiwer vermoënskade in die Romeins-Hollandse reg verhaal word.[153] Pauw[154] som die posisie vir 'n eis om suiwer vermoënskade in die Romeins-Hollandse reg soos volg op:

> Gemeenregtelik bestaan daar dus geen beletsel op 'n eis vir suiwer vermoënskade nie. Trouens, daar is nie eens 'n prinsipiële onderskeid

---

149 Sien ook Lauterbach *Collegium Theoretico-practicum* (1723) 9 2 7: *Ut damnum sit datum pecuniarium, scilicet, quo alterius diminuitur patrimonium*.

150 Zimmermann (n 2) 1024.

151 Lauterbach (n 149) 9 2 15. Kragtens *D* 9 2 27 14 het die huurder van lande ogv die *lex Aquilia* 'n aksie vir suiwer vermoënskade verkry indien gesaaides (wat itv die *superficies solo cedit*-beginsel die eiendom van die oppervlakte eienaar is: *Inst* 2 1 21; *D* 39 2 9 2; *D* 41 1 7 2; *D* 41126 1) voor die oes daarvan beskadig is.

152 Pauw (n 119) 26. So het De Groot alle vermoënsdelikte sistematies in die kategorie misdaad tegen goed ingedeel en "schade" ogv die *lex Aquilia* nie beperk tot skade voortvloeiend uit saakbeskadiging nie: De Groot (n 83) 3 37, 3 37 6, 3 37 9; Van der Walt (n 119) 149.

153 De Groot (n 83) 3 37 9 bewys dat suiwer vermoënskade toegestaan is: "Een rechter wijzende jegens wetten die men behoort te weten, ofte gunnende uitstel jegens recht, een landmeter doende onrechte meetings, ende een beampte schrijver maeckende een gheschrift jeghens (sic) de wetten, alwaer het door onverstand, zijn gehouden in alle schade die iemand daer door komt te lijden." Van der Keessel (n 87) 3 2 27 5 erken by implikasie 'n eis vir suiwer vermoënskade indien 'n vorderingsreg aangetas word. Voet (n 78) 20 1 11 stel 'n *actuarius* vir suiwer vermoënskade aanspreeklik (bwv 'n *actio in factum ad id quod interest*) waar foutiewe inligting mbt 'n hipoteek gegee is. Eweneens stel Voet (n 78) 22 4 3 'n notaris teenoor testamentêre begunstigdes vir suiwer vermoënskade aanspreeklik waar 'n testament (agv nie-nakoming van formaliteite) nietig is. Kragtens Voet (n 78) 47 10 18 word suiwer vermoënskade, wat uit 'n *iniuria* ontstaan, ogv die *lex Aquilia* verleen. Sien ook (n 78) Voet 9 2 11 wat die aksie van die afhanklike sistematies onder die *lex Aquilia* indeel. Matthaeus I (n 79) 1 19 86 verleen aan 'n benadeelde 'n *actio in factum* (wat daarop dui dat aanspreeklikheid ogv die *lex Aquilia* en nie die *actio doli* nie, beoog word) waar 'n regsbeampte *dolo malo* 'n bestaande beswaring versteek of nagelaat het om 'n verband te registreer. Van Bynkershoek (n 87) 1195 meld 'n geval waar suiwer vermoënskade agv 'n foutiewe boekinskrywing deur 'n rekenmeester toegestaan is. Sien ook Price (n 23) 87 en 89 ev; Pauw (n 119) 27; Van der Walt (n 119) 148-149; Van den Heever (n 1) 32. De Villiers (n 111) 184 is oortuig dat die Romeins-Hollandse reg aanspreeklikheid onder die *lex Aquilia* nie buite die grense van saakbeskadiging uitgebrei het nie. Van Heerden *Grondslae van die Mededingingsreg* (1961) 211-212 meen dat lg standpunt onaanvaarbaar is.

154 (n 119) 27-28.

> gemaak tussen saakbeskadiging en ander soorte skade nie. Die stelling kan dus gemaak word dat in die Romeins-Hollandse reg aanspreeklikheid vir skade nie afhanklik was van die vorm waarin die skade voorgekom het nie.[155]

Hierdie standpunt is weer eens soos volg deur die Appèlhof[156] bevestig aangesien

> in die Romeins-Hollandse reg in sekere gevalle vergoeding van suiwer vermoënskade toegeken is wat daarop dui dat Aquiliese aanspreeklikheid oor die Romeinsregtelike grens van saakbeskadiging uitgebrei is.

Die Romeins-Hollandse reg het dogmaties ook nie meer die vereiste van saakbeskadiging vir deliktuele aanspreeklikheid gestel nie en die weg vir die verhaal van suiwer vermoënskade, as algemene beginsel, is gebaan.[157]

---

155 In *The Cape of Good Hope Bank v Fischer* (1886) 4 SC 368 word hierdie standpunt bevestig deurdat beslis word dat die *actio in factum* in die Romeins-Hollandse reg nie meer beperk was nie tot "cases of damage done to corporeal property, but was extended to every kind of loss sustained by a person in consequence of the wrongful acts of another". Sien ook *Matthews v Young* 1922 AD 492 op 504 waar gemeld word dat "although the action lies because of the injury to the body, there is a definite breach with the idea that under the *lex Aquilia* or its extensions, damages are recoverable only for injury to a *res*". In *Perlman v Zoutendyk* 1934 CPD 151 (welke beslissing uitdruklik in *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 (1) SA 769 (A) goedgekeur is) word beslis dat enige skade (by implikasie dus ongeag die vorm daarvan) wat op 'n skuldige en onregmatige wyse veroorsaak is, verhaal kan word. In *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1973 (3) SA 824 (A) beslis die Appèlhof in geen onsekere terme nie dat suiwer vermoënskade *ex delicto* in die Suid-Afrikaanse reg verhaalbaar is en dat die toestaan van suiwer vermoënskade (ogv nalatige wanvoorstelling) nooit deur die Appèlhof verwerp is nie, maar eerder erken is. Sien ook Price (n 23) 89 ev; Rogers "The action of the disappointed beneficiary" 1986 *SALJ* 583 ev. *Contra Combrinck Chiropraktiese Kliniek (Edms) Bpk v Datsun Motor Vehicle Distributors (Pty) Ltd* 1972 (4) SA 185 (T) 192 waar beslis word: "In my view to extend *the lex Aquilia* in the circumstances alleged to mere financial or patrimonial loss would constitute an unjustifiable invasion in the field of contract...such a wide delictual remedy would lead to unnecessary duplication or multiplicity of actions so that more harm than good would be done by such an extension." Mi moet die beperking van aanspreeklikheid nie langs die weg van die soort skade wat gely is, gesoek word nie, maar in onregmatigheid. Sien ook McKerron *The Law of Delict* (1971) 8 en 32-34; McKerron "Liability for mere pecuniary loss in an action under the *lex Aquilia*" 1973 *SALJ* 1-3. Engelsregtelike beïnvloeding (sien *Cattle v Stockton Waterworks* Co (1875) LR 10 QB 453; *La Société Anonyme de Remorquage a Hélice v Bennetts* [1911] 1 KB 243; *Chargeurs Réunis Compagnie Française de Navigation a Vapeur v English and American Shipping* Co (1921) 9 LILR 464; *Electrochrome Ltd v Welsh Plastics* [1968] 2 ALL ER 205; *SCM (UK) Ltd v WJ Whittall and Son* Co [1970] 2 ALL ER 417) is die rede waarom suiwer vermoënskade as metode in die Suid-Afrikaanse reg aangewend is om aanspreeklikheid te ontken.

156 *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 (3) SA 824 (A) op 830. Sien ook *Bayer South Africa (Pry) Ltd v Frost* 1991 (4) SA 559 (A).

157 Van der Walt (n 119) 149. De Groot (n 83) 3 32 3; Huber (n 76) 6 1 3; Van der Keessel (n 87) 32 2; Matthaeus I (n 79) 47 3 1 2 verwys bv na die *patrimonium* (vermoë) as die beskermingsobjek by deliktuele aanspreeklikheid.

Daarom is dit nie vreemd nie dat 'n eis vir suiwer vermoënskade deur die Suid-Afrikaanse positiewe reg erken word.[158]

## 4 Samevatting en gevolgtrekking

Skadevergoeding in die klassieke Romeinse reg was op 'n kasuïstiese en poenale wyse benader. Verder het 'n suiwer prosesregtelik- en objektiewe waardemetode ook 'n belangrike rol by die bepaling van skadevergoeding gespeel. Weens hierdie *ad hoc* benadering is geen algemene grondbeginsels aangaande skadevergoeding in die klassieke Romeinse reg geformuleer nie. Skadevergoeding (wat op die betaling van 'n geldbedrag gerig was) was aanvanklik as afkoopgeld aangewend om liggaamlike vergelding en weerwraak te voorkom en nie om die benadeelde skadeloos te stel nie. Restitusie, ontbinding en spesifieke nakoming was aan die begin in die Romeinse reg onbekend. Eers nadat die *formula*-prosedure met die *cognitio*-prosedure vervang is en *condemnatio pecuniaria* verval het, kon die verweerder tot die betaling van 'n geldbedrag of tot spesifieke nakoming verplig word. Slegs in uitsonderingsgevalle (bv indien die aksie *incertum* was) is daar van die objektiewe waardemetode afgesien. In laasgenoemde geval is skadevergoeding subjektief op grond van billikheid bepaal (dit wat onder die omstandighede presteer behoort te word). *Id quod interest* (anders as wat tans die geval is) was nie gelyk aan die benadeelde se volle interesse nie, maar het

158 Sien die gesag en bespreking in n 155-156 hierbo. Verder is in die volgende gewysdes beslis (of aanvaar) dat suiwer vermoënskade (in afwesigheid van fisiese skade) verhaalbaar is: *Fradd v Jacquelin* (1882) 3 NLR 144; *The Cape of Good Hope Bank v Fischer* (1886) 4 SC 368; *The Liquidator of the Cape Central Railways v Nothling* (1890) 8 SC 25; *Bredell v Pienaar* 1924 CPD 203; *Yorkshire Insurance* Co *v Barclay's Bank* 1928 WLD 199; *Van Zyl v African Theatres Ltd* 1931 CPD 61; *Marlton and Hotchin v Holmes* 1944 NPD 50; *Kock v Zeeman* 1943 OPD 135; *Herschel v Mrupe* 1954 (3) SA 464 (A); *Gelb v Hawkins* 1959 (2) PH J20 (W); *Currie Morors (Preroria) (Pty) Ltd v Motor Union Insurance* Co *Ltd* 1961 (3) SA 872 (T); *Gafoor v Unie Versekeringsadviseurs (Edms) Bpk* 1961 (1) SA 335 (A); *Geary and Son (Pty) Ltd v Gove* 1964 (1) SA 434 (A); *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (K); *Rhostar (Pvt) Ltd v Netherlands Bank of Rhodesia Ltd* 1972 (2) SA 703 (R); *Stellenbosch Wine Trust Ltd v Oude Meester Group Ltd, Oude Meester Group Ltd v Stellenbosch Wine Trust Ltd* 1972 (3) SA 152 (K); *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 (1) SA 769 (A); *Tonkwane Sawmill* Co *Ltd v Filmalter* 1975 (2) SA 453 (W); *Atkinson Oates Motors Ltd v Trust Bank of Africa Ltd* 1977 (3) SA 188 (W); *Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross en Jacobz* 1977 (3) SA 184 (T); *Administrator Natal v Bijo* 1978 (2) SA 256 (N); *Greenfield Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 (4) SA 901 (N); *Kern Trust (Edms) Bpk v Hurter* 1981 (3) SA 607 (K); *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 (3) SA 824 (A) 830; *Shell and BP SA Petroleum Refineries (Pty) Ltd v Osborne Panama SA* 1980 (3) SA 653 (D); *Franschhoekse Wynkelders (Ko-operatief) Bpk v South African Railways and Harbours* 1981 (3) SA 36 (K); *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction* Co *(Pty) Ltd* 1982 (4) SA 371 (D); *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* 1991 (4) SA 559 (A); *International Shipping* Co *(Pty) Ltd v Bentley* 1990 (1) SA 680 (A); *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen* 1991 (2) SA 301 (K); *McLelland v Hulett* 1992 (1) SA 456 (D). Sien ook Dlova, Willet en Songca "Controlling the floodgates – economic loss and the courts in selected jurisdictions (United Kingdom,

op ’n regterlike diskresie gedui om in gepaste gevalle van die objektiewe waarde metode af te wyk. Verder het *id quod interest* eerder op die belang wat die benadeelde in die beskadigde *res* gehad het, gedui en het dit ook nie noodwendig op skadevergoeding of ’n berekeningsformule daarvan betrekking gehad nie.

*Damnum* het in die *Twaalf Tafels* op die eienaar se belang in die *res* geslaan. Waar daar in die *Twaalf Tafels* na saakbeskadiging verwys is, is die term *noxia* (nie *damnum* nie) gebruik. Positiewe en negatiewe interesse en die onderskeid tussen *lucrum cessans*, *damnum emergens*, direkte, gevolg, spesifieke, algemene en nominale skade was in die Romeinse reg onbekend.[159] Wat van besondere belang is, is dat skadevergoeding as gevolg van nie-openbaarmaking of ’n skuldige wanvoorstelling histories op die basis van ’n prysverskil (en nie positiewe of negatiewe interesse nie) bereken is. Skade wat in die toekoms kon ontstaan, was wel in die Romeinse reg verhaalbaar. Omdat die Romeinse reg op die bestaan van aanspreeklikheid (en nie op die omvang daarvan nie) gekonsentreer het, is daar geen algemene beperkingskriteria vir aanspreeklikheid ontwikkel nie. Beperking van skade het kragtens objektiewe maatstawwe (bv *casus, qui certam habent quantitam vel naturam of quantitas dupli*) plaasgevind.

Vir die glossatore en pandektiste het skadevergoeding rondom die interesse-begrip gesentreer.[160] Die glossatore en pandektiste het eerste die onderskeid tussen die primêr-verskuldigde prestasie en die sekondêre aanspreeklikheid vir skadevergoeding (interesse) gemaak. Daar is van die penale aard van skadevergoeding na ’n meer subjektiewe skadeloosstellende benadering wegbeweeg.

Die *Differenztheorie*, wat die voorloper van die sommeskadeleer was en ’n groot invloed op die Engelse reg gehad het, is van Duitse oorsprong. Dus het die sommeskadeleer (wat die teoretiese en praktiese grondslag van die huidige Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg is) geen Romeinse of Romeins-Hollandse grondslag nie.

---

Australia, Canada and South Africa)" 1993 *THRHR* 462.

159 Von Jhering was die eerste persoon wat tussen positiewe en negatiewe *interesse* onderskei het.

160 Die *interesse*-begrip het egter eers in Mommsen se *Obligationenrecht* neerslag gevind.

Die Romeins-Hollandse reg het geen wesenlike bydrae tot die Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg gemaak nie. Weens verwarring het die Romeins-Hollandse reg interesse en *id quod interest* as sinonieme van mekaar beskou.

Alhoewel *culpa* soms as beperkingskriterium vir aanspreeklikheid gebruik is, was skade in die Romeins-Hollandse reg (as algemene reël) tot dubbel die waarde van die betrokke *res* beperk. Verder het damnum ook *damnum emergens*, *lucrum cessans* (welke begrippe 'n Middeleeuse oorsprong het) en toekomstige skade ingesluit en is die klem op skadeloosstelling (en nie bestraffing nie) geplaas. In geval van twyfel moes die verweerder die voordeel daarvan kry en is skade in hierdie geval tot 'n *exiguam summam* beperk.

As gevolg van die afwesigheid van gemeenregtelike grondbeginsels en die aanwesigheid van Duitse (veral ten opsigte van die *Differenztheorie* en positiewe en negatiewe interesse) en Engelsregtelike beïnvloeding (veral ten opsigte van nominale en penale skade, die markprysreël en voorsienbaarheid as beperkingskriterium), is dit onmoontlik om die Suid-Afrikaanse skadevergoedingsreg suiwer op die Romeinse of die Romeins-Hollandse reg te baseer. Die redes vir voormelde beïnvloeding was veral die verpligte toepassing van die Engelse prosesreg en die juriestelsel. Skadevergoeding, synde 'n rekeningkundige verskil tussen 'n benadeelde se hipotetiese vermoënsregtelike posisie voor en na 'n gewraakte handeling, is gemeenregtelik ongegrond.

Die probleme rondom die verhaling van suiwer vermoënskade is histories van oorsprong. As oënskynlike rede kan aangevoer word dat die *lex Aquilia* aanvanklik fisiese saak- of persoonskade vereis het alvorens die "skade" as "*damnum*" gekwalifiseer het. Voormelde vereiste is myns insiens nie prinsipieel nie, maar op sigself weens die aard van die *lex Aquilia* gestel. Verder was die Romeinse reg nie pertinent teen die verlening van suiwer vermoënskade gekant nie, veral omdat *damnum* nie noodwendig op saakbeskadiging gedui het nie. Die uitdruklike erkenning van suiwer vermoënskade (alhoewel die *damnum*-begrip vir uitbreiding vatbaar was) is egter deur die eng bepalings van die *lex Aquilia* gefrustreer. Daar is aanduidings dat die toestaan van suiwer vermoënskade by implikasie deur die Romeinse reg erken is. Hierdie gevolgtrekking word bevestig deurdat *damnum* nie meer noodwendig aan die waarde van die *res* gekoppel was nie, maar eerder op die benadeelde se vermoënsverlies gedui het. Ten einde *damnum* te bepaal, was daar dus 'n klemverskuiwing weg van die objektiewe waarde van die *res* na die benadeelde se subjektiewe vermoënsverlies. Latere ontwikkelings in die

Romeinse reg toon aan dat direkte fisiese skade aan ’n *res* of persoon nie meer ’n absolute voorvereiste vir aanspreeklikheid was nie, mits *damnum* op een of ander wyse kousaal aan ’n *res* of persoon verbind was. Om aanspreeklikheid te bepaal, was die na-klassieke Romeinse reg nie meer so noukeurig op spesifieke aksies ingestel nie. Daarom bestaan daar geen rede waarom die verhaal van suiwer vermoënskade nie op ’n algemene basis erken kon word nie.

Alhoewel die erkenning of ontkenning van suiwer vermoënskade in die klassieke en na-klassieke Romeinse reg geen finale gevolgtrekking regverdig nie, is ’n afleiding dat suiwer vermoënskade meer geredelik gedurende die Middeleeue toegestaan is, inderdaad haalbaar.

Die Romeins-Hollandse reg, wat op beginsels en remedies (nie spesifieke aksies nie) ingestel was, het geen prinsipiële onderskeid tussen die verskillende soorte skade getref nie. So is onder andere eise vir suiwer vermoënskade toegestaan na aanleiding van foutiewe regsadvies, landmeteropmetings, statutêre noterings, hipoteek besonderhede, testamentêre voorskrifte en rekeningkundige boekinskrywings. Ewe eens is suiwer vermoënskade verleen waar ’n vorderingsreg aangetas is. Dus kan die gevolgtrekking dat die Romeins-Hollandse reg ’n eis vir suiwer vermoënskade erken het, met vrymoedigheid gemaak word. Myns insiens is die huidige erkenning deur die Suid-Afrikaanse positiewe reg van ’n eis vir suiwer vermoënskade gemeenregtelik korrek. In daardie enkele gevalle waar sodanige eis ontken is, was dit nie weens ’n beginselbeswaar teen die verlening van suiwer vermoënskade nie, maar eerder ’n ongegronde vrees vir oewerlose aanspreeklikheid.